## Impala berei voor vir
# Carlton Liga

**Rustenburg** – Volgende op die boeke vir die rugby manne van die Rustenburg Impala Rugby Klub, is die Carlton Liga wat op 22 April 2017 afskop. Díe Pretoria liga sluit spanne soos Tukkies, Centurion en die Naka Bulle in. Impala skryf vyf spanne in vir die Carlton liga, die o/19, o/21, 3de span, 2de span en 1ste span.

Sit solank die biltong bestelling in want hier gaan die groot honde blaf!

Ons nooi almal uit in die dorp om te kom saam oefen!

**Enige iemand wat by die klub wil aansluit, is meer as welkom om die welbekende hoofafrigter, Nico Le Roux, te kontak by 073-177 8299.**

Oefentye is Maandae, Dinsdae en Donderdae om 18h00-19h30.

Enigeen is ook meer as welkom om die manne tydens oefening te kom ondersteun.

Kom loer gerus!

## Wits beat Dikwena
# to top the log

**Rustenburg** – Bidvest Wits sent Platinum Stars packing when they beat them 2-0 in the Absa Premiership clash at the Bidvest Stadium in Johannesburg on Saturday, 1 April 2017.

The victory saw the Clever Boys move to the top of the log with 41 points while Dikwena remained on the eighth position with 26 points.

While Platinum Stars battled to penetrate the Wits defence, both teams failed to score the opening goal in the first half. It was Phakamani Mahlambi's goal in the 58th minute kept the Clever Boys in the lead. Daine Klate came in late in the 88th minute to seal a 2-0 win for Wits with a header.

Catch Platinum Stars as it welcomes Cape Town City on Thursday, 13 April 2017 at Moruleng Stadium. Kick-off is at 18h00 in the evening.

# Superugby - Week 6

**Highlanders vs Rebels**

In Dunedin verwoes die Hooglanders die Rebelle met 51-12 ou grote. Die Highlanders speel die eerste keer die seisoen goeie ruggas. Die Rebels het volgende 'n loslootjie met die Highlanders wat tuis teen die Blues gaan uitdraf.

**Blues vs Force**

Hierdie game was uiters vervelig en planlose rugby van beide spanne is opgedis in Auckland. Die Blues wen uiteindelik 24-15. Die Force se volgende game is teen die Kings in Perth met die Blues wat teen die Highlanders in Dunedin gaan uitdraf.

**Chiefs vs Bulle**

Die Bul vreet al weer van die vloer af in Hamilton ou grote... Hulle het weliswaar met rustyd 9-3 voorgeloop in Hamilton. Maar o Donderdag! Toe daag hulle nie in die tweede helfte op nie, en verloor 28-12. Die Chiefs met bal in hand is voorwaar bobaas ou grote. Die verbysterende manier waarop voor- en agterspelers kombineer is net in 'n ander klas.

Volgende reis die Bulle Tokio toe om hopelik nie aan 'n sirkus te gaan deelneem nie, en moet teen die Japannese Wolwe gaan uitdraf. Die Chiefs op hulle beurt reis SA toe om teen die Stormers op Nuweland te gaan kragte meet. Interessante entjie hierdie ou grote...

**Reds vs Hurricanes**

Die Canes moes regtig hard werk vir hierdie oorwinning in Brisbane en klop die Reds 34-15. Dit was 'n lekker lewendige game en het goeie ruggas opgelewer. Die Canes speel volgende teen die Waratahs in Wellington met die Reds wat in 'n Aussie derby teen die Brumbies in Canberra gaan uitdraf.

**Stormers vs Cheetahs**

Die Kapenaars speel goeie rugby en klop die Cheetahs gemaklik 53-10. Die tuisspan se heelagter SP Marias was op sy stukke en het vanuit die laaste vesting die verdediging van die Blikore behoorlik getoets. Die Cheetahs het gelukkig 'n loslootjie om hulle wonde te lek met die onoorwonne Kapenaars wat voor 'n groot toets te staan gaan kom op Nuweland. Hier sal hulle teen die Chiefs moet uitdraf wat ook nog onoorwonne is... Hierdie gaan beslis 'n ou rillertjie wees! Groot kanonne sal hier die wa deur die drif trek ou grote... grotes!

**Leeus vs Haaie**

In Jo'burg wen die Leeus 34-29 maar was op die dag nie beste span nie. Omstrede beslissings deur die wedstryd beamptes, beter bekend as 'n ref, het die Haaie die game gekos. Die spel van die jong opkomende ster in SA Rugby, Curwin Bosch, het duisende laat regop sit. Sy strafdoel van 60 meter was ongelooflik en die puik skepdoel was die kersie op die koek. Die jong mannetjie is 'n totale speler en is bestem vir groot dinge. Die Leeus het volgende 'n loslootjie wat dalk sal help om die trane af te vee met die nuus van Coach Ackers wat aan die einde van die seisoen die land verlaat. Die Haaie speel tuis teen die Jaguars in Durban.

**Waratahs vs Crusaders**

Die Crusaders klop die Tahs op hulle tuisveld in Sydney 41-22. Dit was dalk die beste vertoning deur die Saders tot dusver vanjaar. Die Saders het dan ook 'n loslootjie volgende met die Tahs wat in Wellington teen die Hurricanes gaan uitdraf.

**Nag ou grote...**

# Jonges beïndruk

**Rustenburg** – Drie van die Rustenburg Cycling Club se Juniors het Saterdag, 1 April 2017, die eerste drie plekke behaal tydens die jaarlikse Eisbein Fees te Kosterdam. Hulle is van links; Antonie Lit, Willie van Eck en John-William Lang. Geluk manne!



Send your event listing to news@platinumweekly.co.za ** Free Placement!

# PLATINUM EVENT DIARY

| EVENT NAME | DATE | VENUE | CONTACT NO | EMAIL / WEBSITE |
|---|---|---|---|---|
| MWAH by ATKV Buffelspoort | 8 Apr '17 | BUFFELSPOORT: ATKV Buffelspoort | 014-572 1000 | buffelspoort@atkv.org.za |
| A Gospel Celebration, presented by Boraro | 8 Apr '17 | RTB: Rustenburg Civic Centre | 063-849 1917 | Computicket |
| August Oak Tree by Die Tarentaal | 10 Apr '17 | RTB: Die Tarentaal Teater, Oorsaakpad (Rex) | 079-341 3420 | michele@tarentaalteater.co.za |
| Chris Chameleon by Die Tarentaal | 12 Apr '17 | RTB: Die Tarentaal Teater, Oorsaakpad (Rex) | 079-341 3420 | michele@tarentaalteater.co.za |
| Soccer Match: Platinum Stars vs Cape Town City | 12 Apr '17 | RTB: Phokeng, Royal Bafokeng Stadium | 014-573 4743 | info@platinumstars.com |
| AKING by Fires | 13 Apr '17 | RTB: Fires Restaurant & Pub (R24) | 014-050 0106 | firesrustenburg@gmail.com |
| Rev. Meshoe ministering in Rustenburg | 14 Apr '17 | RTB: God's Window, Donkerhoek | 079-896 0260 | donnietvantonder@gmail.com |
| Klikkerland by ATKV Buffelspoort | 14 Apr '17 | BUFFELSPOORT: ATKV Buffelspoort | 082-410 7682 | admin@kindervermaak.co.za |
| Rustenburg Prophetic Summit | 19-20 Apr '17 | RTB: Ben Marais Hall | 071-818 0345 | Computicket |
| Cycling: Road Emperors Palace | 23 Apr '17 | Emperors Palace - Johannesburg | 082-806 4906 | rustenburg.cycling@gmail.com |
| Mom & Baby Expo | 25 Apr '17 | RTB: Waterfall Mall | 014-537 3600 | kvdmerwe@growthpoint.co.za |
| SA National Skydiving Championships | 26 Apr '17 | RTB: Rustenburg Skydiving Club, Rustenburg Airfield | 079-345 7058 | skydive.rustenburg@gmail.com |

## Weather Report North West
## Rustenburg

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Friday | 07 | April | 2017 | 26°C - 15°C |
| Saturday | 08 | April | 2017 | 26°C - 15°C |
| Sunday | 09 | April | 2017 | 27°C - 15°C |
| Monday | 10 | April | 2017 | 28°C - 15°C |
| Tuesday | 11 | April | 2017 | 27°C - 15°C |

At time of print

## FINANCIAL INDICATORS

| | | | |
|---|---|---|---|
| Crude Oil | (OIL) | R | 720.82 |
| Gold Ounces | (XAU) | R | 17 190.03 |
| Platinum Ounces (XPT) | | R | 13 171.05 |
| Palladium Ounces (XPD) | | R | 11 050.83 |
| United States Dollar (USD) | | R | 13.67 |
| British Pound (GBP) | | R | 17.06 |
| Euro (EUR) | | R | 14.61 |
| Chinese Yen (CNY) | | R | 1.98 |
| Namibian Dollar (NAD) | | R | 1.00 |
| Lesotho Loti (LSL) | | R | 1.01 |

At time of print

## SUDOKU

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 5 | | | | 4 | | |
| | | 2 | 1 | 6 | 4 | 7 | | |
| | 1 | | | 9 | | | 3 | |
| 4 | | | 9 | | 2 | | | 3 |
| | | 9 | | 1 | | 2 | | |
| 8 | | | 6 | | 5 | | | 7 |
| | 5 | | | 7 | | | 8 | |
| | | 8 | 4 | 2 | 6 | 5 | | |
| | | 7 | | | | 3 | | |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 8 | 3 | 4 | 2 | 9 | | |
| | | 9 | | | | 7 | | |
| 4 | | | | | | | | 3 |
| | | 6 | 4 | 7 | 3 | 2 | | |
| | 3 | | | | | | 1 | |
| | | 2 | 8 | 5 | 1 | 6 | | |
| 7 | | | | | | | | 8 |
| | | 4 | | | | 1 | | |
| | | 3 | 6 | 9 | 7 | 5 | | |

Platinum Weekly: (Platinum Publishers (Pty) Ltd t/a) disclaims all liability for any loss, damage, injury or expense, however caused, arising from the use of or reliance upon, in any matter, the information provided through this publication and does not warrant the truth, accuracy or completeness of the information provided. **Notice is hereby given** that the Platinum Weekly title and logo design was aquired by Platinum Publishers (Pty) Ltd from Platina Weekblad cc. We herewith indemnify ourselves from any related claims.
Contact us per email with any queries. ads@platinumweekly.co.za